



Verhale Van Regoor die Wêreld

Die Betowerde Horlosie



Franse Volksverhaal

Baie Fare Gelede....

Eens op 'n tyd het daar 'n ryk man gewoon wat drie
seuns gehad het.



Toe hulle grootgeword het, het hy die oudste seun gestuur om te reis en die wêreld te sien, en drie jaar het verby gegaan voordat sy familie hom weer gesien het.



Toe kom hy terug, goed geklee, en sy vader was so verheug oor sy gedrag dat hy 'n groot fees tot sy eer gegee het en al hulle families en vriende was genooi.



Toe die feesvreugde beëindig was, het die tweede seun sy pa gesmeek om op sy beurt met verlof te gaan en om te reis en met die wêreld te meng.



Die vader was verheug, en het vir hom baie geld vir sy uitgawes gegee en gesê: As jy jou so goed soos jou broer gedra, sal ek jou eer bewys soos ek aan hom gedoen het."

Die jong man het belowe om sy beste te doen, en sy gedrag gedurende die drie jaar was al wat dit moes wees.



Toe gaan hy huis toe, en sy vader was so tevrede met hom dat sy welkome fees nog heerliker was as die een tevore.



Die derde broer, wie se naam Jenik, of Johnnie was, is as die sinnelose een van die drie beskou. Hy het nooit iets by die huis gedoen nie, behalwe om oor die stoof te sit en homself met as vuil te maak.



Maar hy het ook sy pa vir verlof gesmeek om vir drie jaar te gaan reis. "Gaan as jy wil, maar wat sal dit jou help?" het sy pa kortaf gesê.



Die vader het hom met blydschap sien weggaan, bly om van hom ontslae te raak, en het hom 'n aantreklik som geld gegee vir al sy behoeftes.



Eenkeer, terwyl hy een van sy reise onderneem het, het Jenik toevallig 'n weiveld oorgesteek waar sommige herders net op die punt was om 'n hond dood te maak. Hy het hulle gesmeek om die hond te spaar en dit eerder vir hom te gee. Hulle het dit gewillig gedoen, en hy het verder met sy reis voort gegaan, geagtervolg deur die hond.




'n Entjie verder het hy op 'n kat afgekom waar iemand hom wou doodmaak. Hy het hom gevra om die kat se lewe te spaar, en die kat het hom gevolg.



Uiteindelik het hy op 'n ander plek 'n slang gered, wat ook aan hom oorgehandig was. Nou het hulle 'n geselskap van vier gemaak - die hond agter Jenik, die kat agter die hond en die slang agter die kat.



Toe het die slang vir Jenik gesê: “Gaan waar ookal jy my sien gaan,” want in die herfs, wanneer al die slange hulself in hul gate weg steek. Is hierdie slang op soek na sy koning, die koning van al die slange.



Hy het toe bygevoeg: "My koning gaan met my raas omdat ek so lank weg was, want nou is almal vir die winter gehuisves. Ek is baie laat. Ek sal hom moet vertel in watter gevaar ek was en hoe ek my lewe sou verloor het as jy my nie gehelp het nie.

"Die koning sal jou vra wat jy in ruil wil hê. Maak dan net seker jy vra vir die horlosie wat aan die muur hang. Jy hoef dit net te vryf om te kry wat jy wil hê."



Nie gouer gesê as gedaan nie. Jenik het die meester van die horlosie geword, en die oomblik toe hy uit gekom het, wou hy dit net daar in die weiland op die proef gestel het.



Hy was honger en het gedink hoe heerlijk - warm vars
brood en 'n goeie beesfilet sou wees om te eet wat
afgespoel kan word deur 'n fles wyn, so hy vryf die
horlosie, en dadelik was dit alles voor hom. Stel jou sy
vreugde voor!



Die aand het gou aangebreek, en Jenik het oor sy horlosie gevryf en het gedink dit sal baie aangenaam wees om in 'n kamer met 'n gemaklike bed te wees en om 'n goeie aandete te hê.

Op een slag was alles voor hom. Na aandete het hy gaan slaap tot die volgende oggend, soos eerlike manne doen.



Daarna het hy vertrek na sy vader se huis en die fees wat op hom sou wag. Maar toe hy terugkeer in dieselfde ou klere waarin hy weggegaan het, het sy vader baie woedend geword en het geweier om iets vir hom te doen.



Jenik het na sy ou plekkie naby die stoof gegaan en homself in die as bevuil sonder dat iemand omgee het.



Op die derde dag, het hy baie moedeloos gevoel, en hy het gedink dit sou lekker wees om 'n huis met drie verdieping te sien gevul met pragtige meubels, en met voorwerpe van silwer en goud.



So hy het die horlosie gevryf, en alles was daar.



Jenik het na sy vader gaan soek en vir hom gesê: "Pa
het my geen verwelkomingsfees aangebied nie, maar
laat my toe om een vir pa te gee, en kom laat ek vir pa
my plek wys."



Sy vader was baie verbaas en het gewonder hoe sy seun al hierdie rykdom gekry het. Jenik het nie geantwoord nie, maar hy het vir sy pa gevra om al hul families en vriende na 'n groot feesmaaltyd te nooi.



So het sy pa hulle almal genooi, en almal was verbaas om sulke glansryke voorwerpe te sien, soveel spatie en om so baie lekker geregte op die tafel te sien. Na die eerste gereg het Jenik sy pa gevra om die koning en sy dogter, die prinses te nooi.



Hy het sy horlosie gevryf en gewens vir 'n koets wat versier was met goud en silwer, wat getrek word deur ses perde, met 'n harnas wat glinster van al die edelgesteentes. Die pa het dit nie gewaag om in hierdie pragtige koets te sit nie, maar het eerder te voet langs die koets na die paleis geries.



Die koning en sy dogter was baie verras met die skoonheid van die koets, en het dadelik die trappe bestyg om na Jenik se feesmaaltyd te gaan. Toe vryf Jenik sy horlosie opnuut, en het gewens dat die pad na die huis ses myl lank met marmer geplavei moet word. Die koning het nog nooit op so 'n mooi pad gereis nie.



Toe Jenik die wiele van die koets gehoor het, het hy sy horlosie gevryf en gewens vir nog 'n mooier huis, vier verdiepings hoog, en gehang met goud, silwer en damast; gevul met wonderlike tafels, gedek met geregte soos geen koning ooit tevore geëet het nie.



Die koning, die koningin en die prinses was stom van verbasing.
Hulle het nog nooit so 'n pragtige paleis gesien nie, ook nie so 'n
hoë fees nie! By nagereg het die koning, Jenik se pa gevra om vir
hom die jong man vir 'n skoonseun te gee.




Die huwelik het dadelik plaasgevind, en die koning het na sy eie paleis teruggekeer en het Jenik saam met sy vrou in die betowerde huis agtergelaat.



Aan die einde van 'n baie kort tydjie het Jenik sy vrou begin verveel. Sy het gevra hoe hy dit reggekry het om paleise te bou en soveel kosbare goed te kry. Hy het haar alles van die horlosie vertel. Daarna het sy nie gerus voordat sy die kosbare gelukbringer gesteel het nie.



Een aand het sy die horlosie geneem, dit gevryf en gewens vir 'n koets wat deur vier perde getrek word en in hierdie koets het sy dadelik na haar vader se paleis vertrek.



Daar het sy haar eie bediendes geroep, hulle beveel om haar in die koets te volg en het reguit see toe gery.




Toe het sy oor haar
horlosie gevryf en het
gewens dat die see
met 'n brug
oorgesteek mag word,
met 'n manjifieke
paleis in die middel
van die see.



Nie gouer gesê as
gedaan nie.
Die prinses het die
huis binnegegaan,
haar horlosie gevryf,
en in 'n oomblik was
die brug weg.



Alleen gelaat, het Jenik ellendig gevoel. Sy pa, ma en broers, en almal anders wat hy geken het, het almal vir hom gelag. Niks het vir hom oorgebly nie, behalwe die kat en hond wat hy eens gered het. Hy het hulle saamgeneem en ver weg gegaan, want hy kon nie meer by sy gesin woon nie.



Hy het uiteindelik 'n groot woestyn bereik en
'n paar kraaie na 'n berg gesien vlieg.




Een van hulle was ver agter, en toe hy daar aangekom het, het sy broers hom gevra wat hom so laat gemaak het. "Die winter is hier," het hulle gesê, "en dit is tyd om na ander lande te vlieg." Hy het vir hulle gesê dat hy in die middel van die see die wonderlikste huis gesien het wat ooit gebou was. Toe Jenik dit gehoor het, het Jenik dadelik gedink dat dit die skuilplek van sy vrou moes wees.



Hy het direk na die oewer met sy hond en sy kat gegaan. Toe hy by die strand aan gekom het, het hy vir die hond gesê: "Jy is 'n goeie swemmer," en vir die kat het hy gesê: "en jy is baie lig; spring op die hond se rug en hy sal jou na die paleis neem.

Sodra julle daar is, sal ek naby die deur wegkruip, en julle moet in die geheim insluip en probeer om my horlosie in die hande te kry."



Nie gouer gesê as gedaan nie. Die twee diere het die see
oorgesteek; die hond het naby die huis weg gekruip, en die kat
het in die kamer ingegaan.



Die prinses het hom herken en geraai hoekom hy gekom het; en sy het die horlosie na die kelder geneem en dit in 'n kis toegesluit.



Maar die kat het in die kelder gewikkel, en die oomblik toe die prinses haar rug gedraai het, het hy gekrap en gekrap totdat hy 'n gat in die kis gemaak het. Toe neem hy die horlosie tussen sy tande, en wag stil totdat die prinses teruggekom het.



Sy het skaars die deur oopgemaak en die kat was buite, en die horlosie was saam met hom.

Die kat was nie lank aan die anderkant van die hekke nie, toe sy vir die hond sê:

"Ons gaan die see oorsteek; wees baie versigtig om nie met my te praat nie."



Die hond het dit ter harte gelê en het niks gesê nie; maar toe hulle die oewer nader, kon hy nie help om te vra: "Het jy die horlosie?"

Die kat het nie geantwoord nie – hy was bang dat hy die talisman kon laat val.



Toe hulle aan die wal geraak het, het die hond sy vraag herhaal.

"Ja," het die kat gesê.

En die horlosie het in die see geval. Toe begin die twee vriende mekaar beskuldig, en albei het bedroef na die plek gekyk waar hul skat in geval het.



Skielik het 'n vis naby die rand van die see verskyn. Die kat het dit gegryp en gedink dit sou vir hulle 'n goeie aandete maak.

"Ek het nege kindertjies," het die vis geroep. "Spaar die pa van 'n gesin!"

"Dood reg," het die kat geantwoord; "maar op een voorwaarde net as jy ons horlosie vind."



Die vis het dit dadelik gedoen, en hulle het die skat na hul
meester teruggebring.



Jenik het die horlosie gevryf en
gewens dat die paleis, met die
prinses en al sy inwoners, in die see
ingesluk moet word.



Nie gouer gesê as gedaan nie.



Jenik het na sy ouers teruggekeer, en hy en sy horlosie, sy kat en sy hond, het tot die einde van hul dae gelukkig saam gewoon.

Die Einde



